
Graad R

# My storieboek




Naam:


# In watter volgorde het die kuiken uitgebroei?

Knip die blokke uit en plak dit in die regte volgorde in die tabel

| | | |
|---|---|---|
| | | |








## Help vir Ben om te besluit in watter volgorde hy gereedmaak voor skool?

Knip die blokke uit en plak dit in die regte volgorde in die tabel

| | | |
|---|---|---|







# STORIE TYD!

Nota vir mamma/onderwyser:

Lees die storie vir die leerder. Lees dit verkieslik twee keer. Vra hom/haar om vir jou te vertel wat in die storie gebeur het, om te bepaal of hy/sy begrip het van wat in die storie gebeur het.

Na die storie volg die prente van die storie. Laat hy/sy na die prente kyk en jou verduidelik wat op die prente gebeur.

Knip die prente uit (Dit werk baie lekker as mens die prente ook lamineer). Begin deur slegs 3 prente te gee en se vir die leerder hy/sy moet dit vir jou in die regte volgorde pak. Gee vir hom/haar byvoorbeeld die volgende 3 prente:

1. Waar leeu vir muis vang.
2. Waar leeu in die net gevang word.
3. Waar muis en leeu nou maats is en muis op leeu se rug sit.

   Jy moet vir haar die prente geskommel gee.


# STORIE TYD!

Die Leeu en die Muis -'n Tradisionele fabel

Eendag beland 'n piepklein muisie in die poot van 'n yslike groot leeu. "Ek het jou gevang, Meneer Muisie, jy is myne!" brul die yslike groot leeu."Asseblief, Grote Leeu, Koning van die Diere, moet my nie seermaak nie. Laat my asseblief los. My kinders wag vir my en die son sak al laag. As jy my loslaat, sal ek vir jou ook eendag 'n guns bewys", pleit die muisie."Jy weet", brul die yslike, groot leeu, "ek dink nie jy sal enige nut vir my wees nie. Jy is glad te klein om my vol te maak. Maar loop maar, ek sal jou lewe spaar ter wille van jou kinders. Toe, loop nou, voor ek van plan verander."Piepklein Muisie skarrel vinnig weg en verdwyn in die bosse.'n Paar dae later word Grote Leeu in 'n strik gevang. Hy is vas en kan nie roer nie. Hy brul en brul, maar kan nie loskom nie. Skielik hoor hy 'n "piep-piep" hier naby hom. Sowaar, dit is dieselfde muisie wat hy 'n paar dae tevore gevang het."Lê stil", piep die muisie, "Ek sal gou-gou die toue deurknaag, dan sal jy los wees.""Ag, ou Muisie," kla Grote Leeu moedeloos, die toue is so dik en jou tandjies is so klein. Hoe sal jy dit regkry?"Maar die muisie hou net aan met knaag en sowaar, kort voor lank is daar 'n yslike gat waardeur Grote Leeu kan kruip."Baie dankie, Kleine Muisie. Jy het vandag my lewe gered. Al is jy baie, baie klein, het jy my gered toe ek magteloos was. Ek is jammer dat ek gedink het dat jy te klein is om my te help. Ek sal vir jou en jou kindertjies 'n groot geskenk gee." Hulle was vir ewig vriende.

Source: Connexions





# Die leeu en die muis

Teken jou eie prente vir die begin, middel en einde van die storie in die kolomme



| Begin | Middel | Einde |
|---|---|---|
| | | |